22/10	Hou op probeer: Net genade	Martin Luther	Ef. 1:-14
29/10	Ontvang rus: Net geloof	Petrus Waldo	Heb. 12:1-3
5/11	Meer as genoeg: Net Jesus	Jan Hus	Ef. 2:1-10
12/11	Ontdek hoe om te leef: Net die Bybel	John Wycliffe	Heb. 4:12-13, Ps.19
19/11	Die lewe is 'n lied: Net tot eer van God	Johannes Calvyn	1 Kron. 29:10-19
26/11	Voel God se ritme: Om gestuur te wees	John Knox	1 Pet. 2:1-17

BORG 'n BLAD IN 2018 SE JAARPROGRAM

teen slegs R1 000!!!

Bespreek vroegtydig, daar is nog 3 maande beskikbaar om te borg! Jou besigheid se advertensie of jou naam sal op die blad verskyn. Kontak asb. vir Jackie Pretorius by (021) 975 6370 / 082 779 3356 of ds. André van Wyk by 084 410 8479 vir meer inligting.

GEMEENTEBULLETIN

Durbanville Gemeente

KERKKANTOOR
Tel: 021 975 6370
E-pos: ontvangs@durbanvillegemeente.co.za
Webblad: www.durbanvillegemeente.co.za
Facebook: Durbanville Gemeente
Instagram: @durbanvillegemeente
Twitter: @Dgemeente

Dissipels van Jesus, saam in diens van God se nuwe wêreld

BANKBESONDERHEDE
ABSA, Durbanville-tak, Rekeningnommer: 1410580019
Naam: NG Gemeente Durbanville.
Verw: *bv. RVos / MDO*

HARTLIKE WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS!

TYD	WAAR	VANDAG 15 OKTOBER 2017	VOLGENDE WEEK 22 OKTOBER 2017
09:00	**Kerk: Klassieke diens**	Ds. André Agenbag Teks: Thess 5:12-28; Jak 1:4	Dr. Tinus van Zyl Teks: Ef 1:14
	Sentrum: Familiediens	Dr. Tinus van Zyl Teks: 1 Johannes 1:5-10	Ds. André van Wyk doop Teks: Ef 1:14
09:30	**Jeuggroepe**	Voorskool – Gr. 3	Voorskool – Gr. 3
10:00	**Jeuggroepe**	Gr. 4 – 11	Gr. 4 – 11
10:30	**De Rust**	Ds. Rian Verster	-
18:00	**#theRock** (Tieners)	Ds. Jana Dickason	Ds. Jana Dickason

'n Hartlike welkom aan die sanggroep wat vanoggend tydens die Klassieke diens optree. Hulle bestaan uit 9 lede wat almal in die Libertas-koor sing en staan onder leiding van André Grové.

PLEKMATJIES: DEEL MET ANDER

Ons jaar se tema is *'n Hart vir ander*

Hierdie kwartaal oefen ons die geloofsgewoonte: *Deel met ander.*

Om te deel met ander het twee aspekte:

- Aan die een kant moet ons al die dinge raaksien wat God uit genade vir ons gee, sodat ons dit met dankbaarheid kan geniet en waardeer.
- En aan die ander kant moet ons daardie dinge ook met ander deel en selfs weggee, sodat ons nie verknog raak aan ons besittings nie. Dit help ons om te leef in afhanklikheid van God, wat die Gewer is van alle goeie gawes.

Neem gerus plekmatjies vir jou huis en gesels oor die twee vrae:

- Wat het jy vandag geniet of gevier?
- Wat het jy vandag gedeel of weggegee vir ander?

BAIE DANKIE AAN ONS VRYWILLIGERS VANDAG!

Iyla van Eeden, Sannie Kinghorn, Johann van Tonder, Ronnie en Rhona Nieuwenhuizen, Esther Blackaller en Rina Potgieter.

OFFERGAWES

Vandag se Spesiale Offergawe gaan aan **SILVIA NENE.** Sylvia, die(Xhosa-vrou) werk tans in die Tygerberg Hospitaal en word in verskeie afdelings gebruik. In die kindersale moet sy bv. ouers, van wie baie van die platteland afkom, verduidelik wat gedoen gaan word met die baba, vertroos en algemene berading doen. Pasiënte en families in bv. Ortopedie, brandwonde afdeling e.a. maak ook van haar dienste gebruik.

Bankbesonderhede: ABSA, Durbanville-tak, Rekeningnommer: 1410580019 Naam: NG Gemeente, Durbanville. *Indien jy enige bydrae elektronies inbetaal, gebruik jou noemnaam en van as verwysing asook waarvoor die inbetaling is*. Baie dankie!

Of betaal met SnapScan

DURBANVILLE / BERGSIG SENIOR KLUB

Ons vergadering vind plaas op Donderdag **26 Oktober om 09:30** by Bergsig Gemeente. Dit sal die vorm aanneem van musiek en sang. Lede word herinner om by hierdie geleentheid hul R120 per lid te betaal vir ons **Kersete** Donderdag 30 November 2017 by Eensgezind.

#theRock®
The Revolution of Christian Kids

Koffiekroeg vanaand om 18:00. Kom kuier en gesels saam. Almal vanaf Gr. 7 – 12 is baie welkom.

VERSKEIDENHEIDSKONSERT

ten bate van

HUIS ARISTEA

(Bespreek by die kerkkantoor)

Kunstenaars: Zanne Stapelberg de Lange, Stef Kruger en die Ou Menere.

Vrydag, 20 Oktober
om 14:30 by die Agenbagsaal, Huis Aristea
Toegang: R70 / volwassene
R50 / Pensionaris

Saterdag, 21 Oktober
om 18:30 by NGK Bergsig se Ouditorium
Toegang: R70 / volwassene
R50 / Pensionaris en kinders

.

VANDAG IS BIDDAG VIR GESONDHEIDSDIENSTE

KERSSPEL

Ons beplan 'n Kersspel op **26 November** en wil almal uitnooi om betrokke te raak. As jy wil deel wees van hierdie aand kontak **ds. Jana Dickason of Etienne Snyman.**

OMGEEDIENS

Baie dankie vir klere, kombuis-, toiletware en groente wat by ons kantoor besorg is. Dit is aan crèches en 'n behoeftige gesin versprei. Ook vir geld vir skoolskoene, soos deur Badisa versoek.

Opreg dankie vir die **verantwoordelike gee van Voedselkoopbewyse** wat Straatmense by die Sopkombuis kan gebruik. Ons is bewus van mense, veral twee vroue wat in Durbanville rondstap en bedel. Ons versoek u asb vriendelik om hulle na die Omgeediens te verwys, wat hulle op 'n toereikende manier bystaan om deel te word van 'n Maatskaplike proses.

- 'n Behoeftige gesin (agv mediese redes) benodig asb dringend deposito vir huur van goedkoper verblyf.
- Enige **nie-bederfbare voedsel** is steeds welkom asb, want dit is tans uitgeput.

Kontakpersoon: Esther Blackaller 021 975 6370

DATENIGHT

Ons tieners nooi alle verliefdes en geliefdes uit om lekker bederf te word by ons Datenight. Kom kuier saam en ontvang 'n heerlike 2 gang maaltyd terwyl die tieners kook en julle dit geniet! Koste R250 per paartjie.
Elkeen bring slegs jou eie drinkgoed.
Wanneer: 27 Oktober 2017 **Tyd:** 19:00
Plek: Durbanville Kerksaal

VRYDAG AAND UITREIK

U word hartlik uitgenooi om 'n koppie sop, 'n broodjie en die warm Woord van Jesus te kom deel met die minderbevoorregde haweloses van Bellville.Borgskap word benodig vir sop en brood. Indien u kan bydrae of help kontak asseblief vir Clarina by 021 949 8736 of op prcapetown@mes.org.za